# PASTORALE SIELKUNDE

**DR. J. P. L. JONKER**

Dit is vir my betekenisvol dat die begrip Pastorale Sielkunde nêrens voorkom in die program vir hierdie byeenkoms van die Werkgroep Praktiese Teologie nie t.s.v. die feit dat feitlik al die referate op die terrein lê wat gewoonlik as sodanig aangedui word. Aangesien verder elke referaat wat hier gelewer word deels 'n oriëntering in die sielkunde kan wees, het ek my die vryheid veroorloof om te vra vir 'n wysiging van my onderwerp. Ek glo dat dit nodig is om ten minste te begin om prinsipieel te begin oor 'n rigting waarin die Kerk begin beweeg het. Daarom mag dit van waarde wees om hier gedagtes te wissel oor die Pastorale Sielkunde.

## 1. AANBEVELING:

Die oorspronklike onderwerp is vir my geformuleer in die volgende woorde:

**ORIËNTERING IN DIE PSIGOLOGIE EN DIE RELEVANSIE T.O.V. DIE PASTORAAT.**

Dit is moontlik dat so 'n formulering berus op 'n tweërlei veronderstelling:

(1) dat om in die psigologie georiënteer te word, sinvol is vir die pastor omdat die psigologie as die wetenskap wat die gedrag van die mens bestudeer, inderdaad iets te sê het;

(2) dat die werkwyse van die psigoterapeut 'n bepalende invloed kan hê op die metode van die pastor en dat die bevindinge van 'n empiriese wetenskap dus positief aangewend kan word tot verryking van 'n Openbaringswetenskap.

Hierdie twee veronderstellings het reeds in 'n groot mate aanvaarbaar geword in kerklike kringe. Die dringende vraag ontstaan egter of ons hierin nie dalk te doen het met 'n ervaarde leemte in die teologiese antropologie en in die praktyk van die pastoraat nie. Dit blyk tog uit die praktyk dat die pastor hom telkens bevind in 'n situasie daargestel deur menslike lewensnood waarin sy teologie vir hom niks te sê het nie en hy dus verleë staan, nie net teenoor 'n mens in sy nood nie, maar veral ook teenoor die gesagsfigure van die geneeskunde.

Hierdie behoefte aan 'n volledige en bepaalde teologiese antropologie laat hom in die pastoraat op so 'n akute wyse voel, dat daar gegryp word na enigiets wat ook maar 'n belofte inhou van vervulling. Dit is die enigste verklaring vir die snelle opkoms en populariteit van die pastorale sielkunde. Daarmee is hierdie

soort sielkunde egter reeds veroordeel. Die vakuum in ons besinning oor die Openbaring kan nooit gevul word vanuit 'n empiriese wetenskap nie. Dit kan slegs gedoen word vanuit die Openbaring.

In die praktyk het die Kerk soms egter beweeg op die terrein van die pastorale sielkunde en selfs „pastorale sielkundiges" in sy diens geneem, sonder dat ooit gesê is wat pastorale sielkunde is en wat 'n pastorale sielkundige is. Uit die chaos wat so ontstaan het, kom die begrip van 'n „psigo-pastorale predikant" na vore en het ons te doen met die verskynsel van studente en predikante wat blykbaar geen roeping het vir die ampsbediening nie, maar ook nie kans sien vir die opleiding en werk van 'n kliniese sielkundige nie, en nou maar 'n „pastorale sielkundige" wil word.

Nog 'n voorbeeld van die onmoontlike situasie wat deur die huidige verwarring geskep word, kan daarin gesien word dat SIRSA vir enkele jare reeds besig is om 'n bevredigende omskrywing en aanvaarbare voorwaardes te vind vir registrasie van 'n kategorie Pastorale Sielkundige, sonder dat hierin ook maar op enige wyse die Kerk se stem gehoor word. Teologies sowel as sielkundig kan geen regverdiging gevind word vir 'n kategorie Pastorale Sielkundige naas dié van Kliniese Sielkundige en die amp van die Pastor nie.

Indien dit so is, is dit vanselfsprekend dat die begrip pastorale sielkunde en die beroep van pastorale sielkundige van die kerklike toneel sal moet verdwyn. Laat ons die pastor en die kliniese sielkundige, elkeen op sy eie terrein, eerbiedig en nie 'n problemtaiese tussenganger probeer forseer nie. (Dit wil voorkom of in die praktyk so 'n tussenganger nie kan bestaan nie. Vergelyk die verskuiwinge in die werkwyse van E. van der Schoot as pastorale sielkundige totdat hy na jare sy eie identiteit as kliniese sielkundige gevind het.[1])

Daarom het ek enkele jare gelede reeds geskryf: „In die lig van dit alles moet ons tot die konklusie kom dat die weg vir ons kerk op hierdie terrein nie in die eerste plek gesoek moet word in beklemtoning van spesialisasie en die daarstel van klinieke en spreekkamers nie (al sou dit ook nodig wees), maar eerder in 'n verantwoorde pastoraat in elke gemeente . . . Ons roeping lê in die ontdekking, waardering en uitbouing van die eiesoortigheid en krag van die pastorale gesprek in sy gerigtheid

[1]) H. Faber en E. van der Schoot, **Het Pastorale Gesprek,** (Bijleveld,

op en verbondenheid met die liggaam van Christus en die opbou van die gemeenskap van die heiliges as unieke gemeenskap en as God se metode in hierdie wêreld."[2])

## 2. ORIËNTERING:

Ten einde bogenoemde aanbeveling in die regte lig te sien, is dit nodig om die twee genoemde veronderstellings van nader te beskou. Die eerste het betrekking op die sinvolheid van 'n oriëntering in die Sielkunde vir die pastoraat.

Dat so 'n oriëntering (in die sin van 'n deeglike studie) van baie groot waarde kan wees, val nie te betwyfel nie. Ons teologiese studente behoort net soveel kennis van die sielkunde te bekom as wat enigsins moontlik is. Hoe 'n predikant elke dag in die praktyk van die pastoraat kan staan sonder enige kennis van die sielkunde bly vir my 'n probleem. Ten einde hierdie kennis egter ten volle te benut in die praktyk van die pastoraat moet dit teologies verdiskonteer word. Dit is 'n opdrag wat egter reeds behoort tot die pastoraat omdat dit slegs vanuit die dimensie van die geloof gedoen kan word.

'n Mens dink in hierdie verband onwillekeurig aan die uitsprake van Thurneysen. Hy onderskei tussen 'n teologiese begrip van die mens gebaseer op die Bybel en sielkundige kennis gebaseer op die empiriese wetenskap. Enkele van sy uitsprake wat hier van belang is, is die volgende: „Our use of psychological findings only serves to elucidate the understanding of man given us in te Word of God.[3]) . . . "In order to deliver the Word of forgiveness to man, we must avail ourselves of a knowledge of his inner life in as exact, methodical, and comprehensive a way as is possible. Without such knowledge, our talk with him cannot possibly lead to deliverance, its goal. We would inexcusably blunder in pastoral care, we would close instead of opening, we would wound instead of healing, were we not to care about the psychic and the concomitant physical state in which our neighbor finds himself . . .[4]) " Of what use to the counselor are all gifts an powers, of what use is even his knowledge of te Word of God itself, if he does not understand the man and the woman with whom he would like to come into pastoral conversation?"[5])

---

[2]) J. P. L. Jonker, „Die Devaluasie van die Gesprek in die Pastoraat," Utrecht). Tweede druk, 1966, p. 254.
Ned., Geref. Teologiese Tydskrif, Junie 1968 (Deel IX, No. 3), pp. 159-160.

[3]) E. Thurneysen, **A Theology of Pastoral Care,** (John Knox Press, Richmond, Va.), 1962, p. 206.

[4]) **Ibid.,** pp. 201-202.

[5]) **Ibid.,** p. 202.

Hierdie en dergelike uitsprake mag oordrewe voorkom. Dit is egter aanvaarbaar wanneer ons sien dat hy die sukses van die pastoraat afhanklik stel van 'n teologiese antropologie wat gedien kan word deur die sielkunde, en nie van die sielkunde as sodanig nie. Die sielkunde moet op een of ander wyse dien as hulpwetenskap vir die pastoraat. Hier is ook in die denke van Thurneysen geen plek vir 'n derde grootheid wat aangedui sou kon word as pastorale sielkunde nie.

Bolkestein beweeg in dieselfde rigting maar verwag miskien te veel van die sielkunde. Hy beklemtoon dat die pastor 'n dubbele trou in ag moet neem, 'n „Sachtreue" en 'n „Menschentreue". Eersgenoemde is die getrouheid aan die inhoud van die verkondiging; laasgenoemde is die sorgvuldigheid t.o.v. die vorm van die boodskap. Die „Menschentreue" sonder die „Sachtreue" is leeg, maar die „Sachtreue" sonder die „Menschentreue" is blind. Dit is vir hom dan veral die waarde van die sielkunde vir die pastoraat dat dit hierdie blindheid ophef.[6]) Ek dink egter dat die mensgetrouheid nie beperk kan word tot die vorm van die boodskap nie en inherent deel is van die saakgetrouheid. Niks kan ooit meer mensgetrou wees as die Woord van God wat juis aan die mens gerig word nie. Dit is hierdie mensgetrouheid wat na vorm en inhoud in die teologiese antropologie tot uiting moet kom sodat die pastoraat daaruit sy unieke vorm kan vind. Hierin kan maar weinig hulp van die sielkunde ontvang word.

Ek wil dan ook beweer dat daar dikwels geheel-en-al onrealistiese verwagtinge gekoester word van 'n oriëntering in die sielkunde. Dit is my oortuiging dat geen sielkundige kennis ooit 'n mislukte pastoraat kan red nie en dat geen psigoterapie 'n pastor wat in sy pastoraat gefrustreerd is, sal kan genees nie. Tereg verklaar Faber: „Wij geloven dus, dat . . . in de huidige psychologie zich de verwarring in onze kultuur van de grondvragen van ons leven openbaart en dat . . . men van de psychologie in de tegenwoordige situatie geen bijdrage kan verwachten om in deze nood te voorzien."[7])

'n Oriëntering in die sielkunde stuit altyd op hierdie verwarring waarvan Faber spreek en wat ek sou wou aandui as 'n krisis in die sielkunde. Baie duidelik kan dit gesien word in 'n hoofstuk geskryf deur Joseph Hart onder die titel „Beyond Psychotherapy" in die nuutste publikasie op die terrein van die

---

[6]) M. H. Bolkestein, **Zielzorg in het Nieuwe Testment,** (Van Keulen Den Haag), 1964, p. 123.

[7]) H. Faber, **Pastoral — Psychologische Opstellen,** (Boekencentrum, 'S — Grewenhage), 1961, p. 100.

kliënt-gesentreerde psigoterapie.[8]) Iemand wat nog ly aan die baie algemene verskynsel om te veel te verwag van Psigoterapie sal permanent genees wees as hy hierdie hoofstuk gelees het. Psigoterapie is by verre nie so suksesvol soos gewoonlik gedink word nie en is gebaseer op 'n persoonlikheidsteorie en dus 'n mensbeskouing wat vir 'n Skrifgelowige nie sondermeer aanvaarbaar is nie. Die huidige soeke na iets „beyond psychotherapy" is hiervan 'n duidelike bewys. So ook die uitspraak van J. H. van den Berg: „De diepste zin van psychologie is **therapie, de** diepste zin van therapie zielzorg."[9])

Joseph Hart soek na die oplossing in 'n mistiese ervaring in noue aansluiting by die Oosterse mistisisme en toon aan dat dit eintlik die konsekwente ontwikkeling is van die kliënt-gesentreerde terapie. Hy staaf dit met aanhalings uit die werk van Carl Rogers self. Sy gedagtegang blyk duidelik uit enkele aanhalings: „The conclusion to be drawn from these new directions is clear — **in helping relationships there are no professionals;** there are only people. Some people are better at helping than others. Some get paid for helping.

„People are frequently made less effective in giving or receiving help because of an unthinking adherence to the false belief that professions exist . . . The therapist may be a housewife, a parent, a neighbor, a friend. Technique and theory are replaced by honesty, caring, warmth, and the sharing of experience."[10])

Hart vind 'n groot leemte in terapie waaraan hy uitdrukking gee in die volgende woorde: „Our ability to repair people should become at least as good as our ability to repair automobiles . . . But once tuned up and ready to go, where do we travel? Psychotherapists do not tell us. Asking a therapist how to live is like asking a mechanic where to drive; neither believes he should be asked and neither has useful answers . . . An adequate applied psychology must speak to the very practical problems of ethics and religious experience . . . it leads to a psychology that can guide growth as well as correct stunting."[11])

In aansluiting by Rogers se idee van ervaring en die ontdekking van waardes in die ervaring, ontwikkel Hart dan sy **mistiese** sielkunde as wetenskap van die siel. Siel is vir hom 'n vlak van bewustheid wat deur meditasie gesuiwer en ontwikkel kan word.

---

8) J. T. Hart & T. M. Tomlinson (Eds), **New Directions in Client — Centered Therapy,** (Houghton Mifflin Co., Beston), 1970.

9) J. H. van den Berg, **Psychologie en Theologische Antropologie,** (Callenbach Nijkerk), p. 36.

10) J. T. Hart, **ibid.,** p. 564.

11) **Ibid.,** p. 566.

Hy sluit ook aan by die outogeniese terapie van Schultz wat weer gebaseer is op yoga-tegnieke. Dan verklaar hy: „I believe, with Jung, that the West will and must develop its own yoga (pragmatic mysticism). The psychotherapist or couselor should be at the forefront of this cultural development".[12]) Die terapeut moet volgens Hart 'n „soul-guide" word, wat, soos Jung ook wil, die waarheid van die Christelike godsdiens moet ken, „but that truth is the truth of mystical experience which is at the core of all religions."[13])

So bring 'n oriëntering in die sielkunde die pastor telkens weer uit by 'n verwronge weergawe van 'n waarheid wat van die begin af deel was van die pastoraat. Dit geld ook bv. t.o.v. die psigopatologie. Nêrens in die sielkunde word meer teenstrydige teorieë gevind as in die etiologiese faktore van geestessiekte nie.[14]) Wolman kom maar weer uit by die eeue-oue waarheid van die pastoraat (waarvan hy blykbaar nie 'n volle besef het nie), wanneer hy skryf: „Schizophrenia is a schizogenic disorder, a product of mismanagement of men by men, of children by their parents. It is not inherited; it is a man-made disaster . . . **A Child who feels loved and sees love around him in his home cannot become schizophrenic."**[15]) (Van die praktiese en terapeutiese waarde van pastorale waarhede het die kerk blykbaar nie altyd 'n volle besef gehad nie.) Hopeloos verwronge maar tog betekenisvol, kom ook Mowrer uit by die eeue-oue waarhede van die pastoraat wanneer hy in verset kom teen die gangbare interpretasie van geestessiekte. Geestessiekte is vir hom 'n identiteitskrisis wat die gevolg is van skuld en terapie bestaan in belydenis en restitusie.[16]) So het bv. ook t.o.v. terapie in die derde fase van die ontwikkeling van die kliënt-gesentreerde terapie, die ware terapeutiese faktore uitgekristaliseer as begrip, onvoorwaardelike positiewe agting en veral kongruensie. Al wat dit beteken is dat die genesende faktore liefde en opregtheid is.[17])

---

12) **Ibid.**, p. 591.

13) **Loc. cit.**

14) Vergelyk J. Nuttin, **Psychoanalyse en Persoonlijkheid,** (Leuvense Universiteit Uitgeven), 1968; A. H. Buss, **Psychopathology,** (John Wiley, New York), 1968; B.B. Wolman, (Ed.), **Handboek of Clinical Psychology,** (Mc Graw-Hill), 1965.

15) B. B. Wolman, „Schizophrenia and Related Disorders", in **ibid.**, p. 1020.

16) O. H. Mowrer, „Learning theory and Behavior Therapy", in B. B. Wolman, **ibid.**, pp. 242V.

17) Vergelyk J. Seeman, „Perspectives in Client Centered Therapy", in B. B. Wolman, **ibid.**, pp. 1215V.

Uit alles blyk dat naas die positiewe bydrae tot 'n beter begrip van die gedrag van die mens, een van die belangrikste winste van 'n psigologiese oriëntering daarin bestaan dat mens daardeur geraak tot 'n nuwe waardering van die uniekheid, die wonder, die krag en die mensgetrouheid van die eie metode van die pastoraat.

3. **PROBLEEMSTELLING:**

Die tweede genoemde veronderstelling behels die vraag na die aanwending van die sielkunde in die pastoraat. Aangesien die verwarring wat ons tans beleef op hierdie terrein maar net die neerslag is van die verwarring wat bestaan in die lande van die herkoms van die pastorale sielkunde, is dit nodig om kortliks iets in die verband te sê.

In Amerika kom van die kant van teoloë sowel as sielkundiges tans verset teen die neiging tot 'n ontwikkeling van 'n kultus in die „Clinical Pastoral Education" wat die teologiese student gefrustreerd in die lug laat hang. Dit het gebeur omdat, ten einde 'n „bloedlose" pastoraat wat in sigself „verouderd" is meer aktueel te maak, sekere begrippe en tegnieke oorgeneem word uit 'n wetenskap waarvan die student niks weet nie en dus vir hom in niks gegrond is nie. So verklaar Douglas: „Something more is required than the „baptized and applied" psychology presently found in seminary curricula, which when offered as pastoral theology does not have the respect of the theologians and when offered as pastoral psychology is disdained by the academic psychologists."[18]) Daarom pleit hy vir 'n volwaardige sielkundige opleiding met klem op die persoon van die teologiese student,[19]) en kom in verset teen die pragmatisme van die benadering in kliniese pastorale vorming,[20]) en die skeiding tussen pastorale sielkunde en die akademiese sielkunde.[21])

Ook Dittes kom in verset teen hierdie ontwikkeling en sien die populariteit van die pastorale sielkunde as 'n simptoom dat iets verkeerd is. Hy sê: „It is a cry for help, for relief from distress".[22]) Die hulp wat die pastorale sielkunde hierin sou bied noem hy 'n blote illusie wat die pastor beter laat voel maar nie beter laat werk nie. Hy sien in hierdie hulp 'n bediening van self-regverdiging en goeie werke maar nie 'n bediening van die geloof nie.[23])

---

18) W. Douglas, „Psychology in Theological Education," in H. Hofmann (ed.), **The Ministry and Mental Health**, (Association Press. New York), 1960, p. 94.
19) **Ibid.**, p. 96.
20) **Ibid.**, p. 89.
21) **Ibid.**, p. 86.
22) J. E. Dittes, „**Psychology and a Ministry of Faith**", in H. Hofmann, **ibid.**, p. 144.
23) **Ibid.**, p. 146.

Dit is dan ook belangrik om te onthou dat die pastorale sielkunde wat eintlik maar tot ontwikkeling gekom het in die kliniese opleiding, in sy oorsprong reaksionêr was, 'n vrug van die liberalisme van die twintigerjare en dat dit onafhanklik van en buite die teologiese inrigtings om begin het. Dit was dan ook meer klinies as pastoraal. Die doel is gesien as die integrasie van teologiese en sielkundige kennis waarin egter die saakgetrouheid verloën word t.w.v. die mensgetrouheid.

Met verloop van tyd het in hierdie kliniese opleiding 'n merkwaardige klemverskuiwing plaasgevind: die sieke-pastoraat staan nie meer in die sentrum nie, maar wel die persoonlikheidsvorming van die student. Die gevolg hiervan is dat die noodsaaklikheid van hierdie soort opleiding om die huidige doel te bereik, sterk betwyfel word.[24]) Die mate van populariteit wat hierdie beweging vandag nog geniet in Amerika, is histories bepaal en beteken hoegenaamd nie dat dit doen wat nie op 'n ander wyse ook, en miskien beter, gedoen kan word nie.

Gedurende die afgelope 10 jaar het Kliniese Pastorale vorming ook in Nederland tot ontwikkeling gekom op voetspoor van die Amerikaanse Clinical Pastoral Education. Pastorale sielkunde word hier dan ook min of meer in dieselfde lig gesien as in Amerika. Dit het egter tot ontwikkeling gekom voor en onafhanklik van kliniese vorming en het daarom tog, veral aan die begin 'n eie kleur gehad.

**J. H. van den Berg** toon aan hoe Schleiermacher die weg gebaan het vir die Godsdienssielkunde wat introspektief-eksperimenteel die religieuse ervaring sielkundig wou bestudeer en hoe hierdie subjektivistiese uitgangspunt ontsenu is deur die dialektiese teologie sodat die Godsdienssielkunde reeds in die twintigerjare tot stilswye gebring is.[25]) Hy toon ook aan dat die pastorale sielkunde na die tweede wêreldoorlog op die toneel verskyn het met 'n geheel ander inset as die Godsdienssielkunde. I.p.v. 'n beskrywing en verklaring van religieuse ervaring, wil die pastorale sielkunde die pastor sielkundige hulp bied in sy pastorale arbeid.[26])

Pastorale sielkunde is vir van den Berg sielkunde van die werklike lewe, maar „psychologie **zonder meer** dus, zonder dogmatiek en wars van alle stichtelijkheid."[27]) Hy geraak egter

---

[24]) Vergelyk H. R. Niebuhr, D. . Williams, J. M. Gustafson, **The Advancement of Theological Education,** (Harper, New York,) 1957, p. 128.
[25]) J. H. van den Berg, **Kroniek der Psychologie.** ('S — Grewenhage, Boekencentrum), 1954, p. 38.
[26]) J. H. van den Berg, **Psychologie en Geloof,** (Nijkerk, Callenbach), 1959, p. 60.
[27]) **Kroniek der Psychologie,** p. 39.

tot 'n teenstrydigheid wanneer hy sê dat die pastorale sielkunde die wetenskap is wat die pastor help in wat hy doen, maar tegelyk ook die wetenskap wat die pastor toon waar hy die sielkunde kan en mag verlaat.[28])

Die pastorale sielkundige is volgens van den Berg 'n sielkundige en nie 'n teoloog nie. Daarom hoef die pastorale sielkundige wat die pastoraat betref, niks te sê nie.[29]) Hy soek dus geen integrasie nie maar handhaaf pastorale sielkunde as sielkunde naas die pastoraat. Die inhoud beperk hy tot dele van die sielkunde wat vir die pastor van belang mag wees. Hy beklemtoon dat dit gaan om suiwer sielkundige vakkennis en sê uitdruklik dat nie die sielkunde van die pastorale sielkunde pastoraal is nie, maar wel die hoorders.[30]) 'n Mens het waardering vir hierdie siening van van den Berg omdat hy die eie aard van die sielkunde en die pastoraat handhaaf. Dit sou egter dan beter wees om die term pastorale sielkunde te laat vaar. Regverdiging vir pastorale sielkunde as 'n aparte wetenskap tussen sielkunde en teologie en vir 'n pastorale sielkundige tussen die kliniese sielkundige en die pastor, is by van den Berg nie te vind nie.

Van der Schoot egter, volg die lyn van die Amerikaanse denke en sien die pastorale sielkunde as die terrein van die teoloogsielkundige en soek ook na 'n integrasie van hierdie twee kwalitatief verskillende wetenskappe. Die pastorale sielkunde is vir hom die terrein van die teoloog wat homself as sielkundige bekwaam het en die sielkunde be-oefen ten einde die pastoraat te dien.[31]) Wat dit in die praktyk beteken is nie duidelik nie. Hy bly ook nie konsekwent nie en onderskei tussen pastorale sielkunde wat die terrein van die teoloog is en die pastorale psigiatrie wat die terrein van die psigiater is.[32]) In ieder geval sien hy ook nie die pastorale sielkunde as die ideale weg vir alle pastores nie. Dit is nie so „alsof de echte zielszorger het toch vooral en deze richting zou moeten zoeken."[33])

Betreffende die bydrae van Suid-Afrika vereenselwig Smit hom in 'n groot mate met die standpunt van van den Berg. Hy beklemtoon dat die pastorale sielkunde **sielkunde** is wat aan die pastor steun verleen in 'n doeltreffender vervulling van sy roeping as pastor. Vir hom egter, is 'n teologiese oriëntering van die pastorale sielkunde noodsaaklik en ten einde hierdie gerigte

---

[28]) **Psychologie en Geloof**, p. 63.
[29]) **Loc. cit.**
[30]) **Ibid.**, p. 64.
[31]) H. Faber en E. van der Schoot, **ibid.**, p. 242.
[32]) **Ibid.**, p. 243.
[33]) **Ibid.**, p. 244.

psigologie nie ledig op die mark te laat staan nie, skep hy 'n nuwe vak, nl. die psigologiese pastoraal wat moet dien as aanknopingspunt in die amptelike vakke vir die pastorale psigologie. Die psigologiese pastoraal hoort dan tuis in die teologie en word beoefen deur die teoloog of pastor, in teenstelling met die pastorale sielkunde wat sielkunde is en beoefen word deur die sielkundige. Dit is die psigoloog-pastor wat die pastoraal beoefen in ruimer sin as wat die gewone pastor dit doen deur gebruik van 'n aangepaste psigoterapie, en nie die pastorale sielkundige nie.[34])

Vir Möller bestaan hier allereers 'n dogmaties-prinsipiële probleem, nl. hoe die sielkunde as empiriese wetenskap aan die pastoraat as openbaringswetenskap bystand kan verleen. Smit se standpunt kom vir hom slegs daarop neer dat die pastor geleer moet word om naas en saam met sy pastorale werk, ook psigoterapie te beoefen. Om dus 'n goeie pastor te wees, moet hy soms nie 'n pastor wees nie, maar 'n psigoterapeut. Wanneer Smit dan die terapeutiese moment as deel van die pastorale bemoeienis sien, dan beskou Möller dit as 'n ongeoorloofde vermenging van 'n empiriese en openbaringswetenskap. Smit se standpunt hou dan noodwendig in dat psigoterapie en pastoraat slegs maar die uiterste pole van dieselfde kontinuum vorm. Verder verloor die predikant **pastoraal** hier sy beskrywende betekenis en kan die pastorale sielkunde hoegenaamd nie 'n vernuwing van die pastoraat inhou nie. 'n Teologies-georiënteerde psigologie kan net een van drie dinge beteken: die aantasting van die openbaringskarakter van die teologie; die aantasting van die empiriese karakter van die sielkunde; die beurtelingse aanwending van dan die een en dan die ander.[35]) Die pastoraat kan met enigiets aangevul word — ook met psigoterapie. So 'n aanvulling is egter nie 'n uitbouing of vernuwing van die pastoraat nie maar hou inteendeel gevaar in vir die pastoraat.

Volgens Möller bestaan die hoof swakheid van al die pogings om die pastorale sielkunde te regverdig daarin dat die pastoraat en die sielkunde langs mekaar gestel word en dat daar dan 'n oordrag van gedagtes en metodes plaasvind. Pastoraat is openbaringswetenskap en sielkunde 'n empiriese wetenskap en daarom kan hulle nie langsmekaar op dieselfde vlak gedink word, sonder om die wese van elke van hierdie wetenskappe aan te tas nie.

---

[34]) W. A. Smit, **Pastoraal — Psigologiese Verkenning van die Client Centered Terapie van Carl R. Rogers,** (J. H. Kok, Kampen), 1960, pp. 16 V.

[35]) F. P. Möller, **'n Dogmaties — Kritiese Beoordeling van die Betekenis van die Psigologie vir die Pastoraat,** (D.D. — Verhandeling, Pretoria), 1964, pp. 78 V.

Daarom kan daar **geen sprake wees van 'n direkte aanwending van die sielkunde in die pastoraat nie.** Die slotsom waartoe hy kom is dat die enigste aanvaarbare verhouding waarin die sielkunde en die pastoraat gesien kan word, die dimensionele is[36])

As teologiese wetenskap, vind die pastoraat sy grondslag en werkende krag in die besondere openbaring — dit is die vertikale dimensie. Die sielkunde as empiriese wetenskap, vind sy grondslag en werkende krag in die dinge van die geskape wêreld — dit is die horisontale dimensie. Hierdie dimensies staan in 'n bepaalde en onvernietigbare verband tot mekaar, 'n verband wat slegs in die geloof geken kan word omdat dit nie op 'n natuurnoodwendige grondslag geformuleer kan word nie.

Dit wat in die horisontale dimensie bestaan is analogieë of skadubeelde van wat in die vertikale dimensie bestaan. Die dogmaties-kritiese metode bestaan dan daarin dat alle sielkundige feite wat in verband met die pastoraat gebring word, dogmatieskriies beoordeel word, ten einde vas te stel wat daarin analogieë en heenwysings van pastorale waarhede is. Deur sielkundige gegewens op hierdie wyse teologies te verdiskonteer, maak die pastor 'n studie wat vir hom van besondere betekenis en waarde in die pastoraat is.[37])

Die veld van die pastorale sielkunde op hierdie wyse gedefinieer, word dan soos volg aangegee.[38])

(1) Psigologiese feite as heenwysings na sekere teologiespastorale waarhede: die betekenis van geloof in God (die sin en doel van die lewe, psigies-heilsame uitwerking van die geloof ens.); heenwysings na die Bybelse antropologie; die verband tussen sonde en siekte; noodsaaklikheid van innerlike verandering; die betekenis van die kerk as gemeenskap.

(2) Die betekenis van die sielkunde wanneer teologiespastorale begrippe in hulle praktiese gestalte deurdrink word: wet, liefde, gebed, ens.

(3) Kritiek van die sielkunde op sekere vorms van pastorale optrede: wettiese optrede, moralisme, veroordeling, onheilsame vrees, lewensontvlugting, oppervlakkige oplossings.

(4) Die waarde van die sielkunde in die onderskeiding van kwasi-religiositeit: egte en neurotiese skuldgevoelens, ware en valse vroomheid, selfverloëning en nederigheid, ware en neurotiese vorms van heiligheid, ware en pseudo-geloof, godsdienstige ervarings en sielkundige verskynsels.

---

36) **Ibid.**, pp. 94 V.
37) **Ibid.**, pp. 279 V.
38) **Ibid.**, pp. 108 V.

(5) Die sielkunde en die bepaling van lidmate se probleme en behoeftes: ontvanklikheid vir geestelike beïnvloeding, geestelike nood en psigiese afwykings, geestelike nood en liggaamlike siektes, geestelike nood en ouderdomsfases.

(6) Die sielkunde en die pastorale gesprek.

(7) Die sielkunde en teologies-pastorale besinning: die betekenis van mens-wees, duiwelbesetenheid en psigose.

(8) Die betekenis van die sielkunde vir die pastor as mens: sielkundige faktore en roeping, persoonlikheidsprobleme, opleiding.

Die volgende aspekte kan genoem word as die wins van hierdie metode:

(1) Met die siening van die sielkunde en pastoraat as bemoeienisse in verskillende dimensies, is daar geen sprake dat die een na die ander oorgebring word nie.

(2) Vanuit die teologie word bepaal wat uit die sielkunde vir die pastoraat van belang is, en nie andersom nie. Die pastor is ook nie seilkundig gebonde nie.

(3) Sielkundige kennis word nie gebruik om die openbaring in die Bybel aan te vul of te wysig nie.

(4) Alle onsinnige redenasies oor die grenslyne tussen pastoraat en psigoterapie word uitgeskakel. Daar is nie 'n niemandsland tussen hierdie werkterreine waar die grense nie duidelik aan te dui is nie. As besef word dat psigoterapie en pastoraat in verskillende dimensies lê, is die probleem van grensbepalings opgelos.[39])

Volgens hierdie dimensionele siening word die pastorale sielkunde soos volg gedefinieer: „Pastorale psigologie is die wetenskap wat, vanuit 'n dogmaties-krities gesigspunt, psigologiese kennis teologies verdiskonteer ooreenkomstig die dimensionele siening van die verband tussen teologie en wetenskap."[40])

Die bedoeling is nie dat **die pastorale sielkunde 'n afsonderlike wetenskap is wat 'n afsonderlike beroep regverdig nie.** Ook hier is dit daarom beter om nie te praat van pastorale sielkunde nie maar bloot van die aanwending van die sielkunde in die pastoraat. Daar is net sielkunde en pastoraat sonder enige tussenganger.

---

[39]) **Ibid.**, pp. 98 V.

[40]) **Ibid.**, p. 283.

## 4. GEVOLGTREKKING:

Uit dit alles blyk dat die pastorale sielkunde **die gevolg is van 'n verklaring van die pastoraat.** Die blote idee van pastorale sielkunde is eintlik 'n **kritiek** op die pastoraat. Pastorale sielkunde is 'n **ernstige medisyne** wat toegedien word vir 'n ernstige siektetoestand. **Maar ek het die genesing nog nie gesien nie** — die medisyne is nie genoegsaam nie. Die kwessie is nie of ons sielkunde nodig het nie, ons het dit nodig. Maar ons het méér nodig. En as ons dit nie kry nie kan die sielkunde alleen 'n erger siektetoestand teweegbring. Die gevaar bestaan dan dat die wetmatigheid van die psigodinamiek die **dinamiek van die Heilige Gees** gaan vervang en dat die **Subjek** van die pastoraat dan nie meer Christus is nie, maar 'n **spesialis.**

Ek hoop dat hieruit ook die noodsaaklikheid blyk van verdere studie en duidelike leiding wat aan die kerk gegee moet word. Vir my persoonlik is dit duidelik dat die weg uit ons nood nie gevind kan word in die daarstel van **'n paar spesialiste nie.** (Spesialisasie in die pastoraat is vir my 'n uiters problematiese begrip; in die verlede het dit dikwels beteken elementêre kennis van die sielkunde.) Wat ons nodig het is 'n **opheffing van die pastoraat** in die algemeen tot die **vlak van die Bybel.** Wat ons nodig het is 'n **geloofsbediening** in die krag van die Heilige Gees en nie 'n bediening van **goeie werke nie.**

Ons kan nooit die pastoraat hernuwe deur die invoering van wetenskaplike **tegnieke** nie. Laat ons ons eiesoortigheid vind in die dimensie van die Gees. Tereg skryf J. H. Bavinck: „De mens van tegenwoordig gelooft in de psychologie, in opvoedkunde, in sociale zorg, in gesprekstechniek, maar dat er ook nog zoiets zou kunnen bestaan als het werk van de Heilige Geest, ontgaat hem te enen male".[41])

Dit is vir my opmerklik en uiters betekenisvol dat terwyl in die afgelope jare die pastorale sielkunde veral ontwikkel het vanuit 'n meer humanistiese oriëntasie, in meer behoudende kringe die pastoraat hernuwe word vanuit 'n herontdekking van 'n **charismatiese bediening.**

Die kliniese ervaring van die afgelope tien jaar en daarmee saam 'n intense besig-wees met die probleme van die pastoraat en die psigoterapie, het my tot die gevolgtrekking gebring dat 'n

---

41) J. H. Bavinck, **Ik geloof in de Heilige Geest,** (Voorhoeve, Den Haag), 2de druk, p. 8.

hernuwing van die pastoraat alleen moontlik is wanneer ons dit in charismatiese perspektief sien. Dan word Christus waarlik Subjek van die pastoraat.

Die pastoraat funksioneer benede sy stand, nie in die eerste plek a.g.v. 'n gebrekkige toerusting nie (die pastoraat sal met die beste toerusting nog onder sy stand funksioneer), maar a.g.v. die afwesigheid van die manifestasie van die Heilige Gees „met die oog op wat nuttig is". Daarmee glo ek is 'n onderwerp aangegee wat die ernstige aandag van die Werkgroep Praktiese Teologie verdien.